Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
1 November 2011

Selfversekerde beleggers stuur miljarde na batetoewysingsfondse

Die plaaslike Kollektiewe Beleggingskema (CIS) -bedryf het in die derde kwartaal van die jaar 'n sterk netto invloei van R15 miljard beleef. Dis net effens minder as die R18 miljard netto invloei in die eerste kwartaal van die jaar, maar 'n groot verbetering op die tweede kwartaal se netto invloei van R4 miljard.

Leon Campher, uitvoerende hoof van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA), sê die CIS-bedryf het in die nege maande tot September 2011 'n totale netto invloei van R36 miljard ontvang, wat die totale bates onder bestuur op R960 miljard te staan bring. Teen die einde van die derde kwartaal het die bedryf 953 fondse gehad.

Verbeterde vertroue

Volgens Campher het beleggersvertroue van die tweede tot die derde kwartaal van die jaar beduidend verbeter. "Dis bemoedigend dat R9 miljard van die R15 miljard netto invloei nuwe geld was, terwyl nagenoeg R6 miljard uitkerings was wat herbelê is," voeg hy by.

Campher wys daarop dat die netto invloei in die derde kwartaal sterk was ten spyte van swaar uitvloei uit geldmarkfondse omdat korporatiewe beleggers hulle kontantbesit verder herposisioneer het. As gevolg daarvan het geldmarkfondse vir die tweede agtereenvolgende kwartaal vanjaar 'n netto uitvloei ondervind. Die plaaslike vasterentegeldmark-kategorie het gedurende die derde kwartaal 'n netto uitvloei van R10,6 miljard beleef, en R9,9 miljard in die tweede kwartaal.

Hy wys daarop dat hierdie beweging van geld nie paniek onder beleggers moet veroorsaak nie omdat dit algemeen is dat maatskappye hulle kontant in geldmarkfondse afkamp vir latere befondsing van ontwikkelingsprojekte of ander beleggingsgeleenthede.

Batetoewysing teenoor vaste rente

Campher sê die plaaslike batetoewysing-kategorie dreig om die plaaslike vasterentegeldmark-kategorie te onttroon as die bedryf se grootste kategorie.

Teen die einde van September 2011 het die plaaslike batetoewysing-kategorie bates onder bestuur van R256 miljard gehad, of 27% van die bedryf se bates. Geldmarkfondse het bates van R264 miljard gehad, of 28% van die bedryf se bates.

Die verskuiwing in beleggersfokus van geldmarkfondse na batetoewysingsfondse is 'n positiewe ontwikkeling, sê Campher.

"As 'n bedryf sê ons nog altyd vir beleggers dat dit onwaarskynlik is dat hulle op lang termyn inflasiekloppende opbrengste sal behaal deur hulle kontant in rentedraende beleggings soos geldmarkfondse te hou. Kapitaalgroei kan verkry word slegs deur op lang termyn in aandele te belê. Ons erken egter ook dat suiwer aandeelbeleggings nie vir wankelmoedige beleggers geskik is nie en dat die gemiddelde verbruiker waarskynlik nie sal hou by 'n belegging wat aan uiterste wisselvalligheid onderhewig is nie."

Campher verduidelik dat behoorlike diversifikasie oor die bateklasse nodig is om op lang termyn inflasiekloppende kapitaalgroei te behaal sonder uitermate wisselvalligheid.

Batetoewysingsfondse is ontwikkel om beleggers 'n keuse te bied om oor bateklasse te diversifiseer binne een fonds wat deur 'n deskundige fondsbestuurder bestuur word. Batetoewysingsfondse belê in die aandele-, effekte-, geld- en eiendomsmarkte, en die batebestuurder besluit hoeveel geld in elke bateklas belê word.

Die jongste CIS-statistieke toon dat beleggers hulle toenemend na plaaslike batetoewysingsfondse wend, en plaaslike omsigtige veranderlike batetoewysingsaandelefondse blyk die gewildste te wees. Fondse in hierdie sektor het in die derde kwartaal 'n netto invloei van R6 miljard ontvang – die hoogste van al die sektore.

Die tweede hoogste netto invloei was na die plaaslike algemene aandelesektor, wat R5,6 miljard gelok het.

Campher sê albei hierdie sektore het stewige langtermynprestasies gelewer. Oor 10 jaar tot einde September 2011 het plaaslike omsigtige veranderlike batetoewysingsaandelefondse 'n gemiddelde jaarlikse opbrengs van 15% behaal, wat inflasie met 9% klop. Plaaslike algemene aandelefondse het 17% opgelewer, wat inflasie met 11% klop. Plaaslike geldmarkfondse het oor die 10 jaar 9% per jaar opgelewer.

"Hierdie statistieke toon dat beleggers fondse kies wat die potensiaal het om beter as kontant te vaar, maar teen aanvaarbare vlakke van wisselvalligheid. Batetoewysingsfondse en algemene aandelefondse is oor die algemeen baie minder wisselvallig as die spesialisaandeelfondse, terwyl hulle steeds goeie kapitaalgroei bied."

Invloei-statistieke

Die meeste van die beleggings in die CIS-bedryf het in die 12 maande tot einde September vanjaar via tussengangers gekom (34,4%). Regstreekse beleggings van verbruikers het oor hierdie tydperk 24,5% van die invloei uitgemaak. Verskaffers van gekoppelde beleggingsdienste (Lisps) het 19,9% van verkope opgelewer, en 21,1% van verkope was afkomstig van institusionele beleggers soos pensioen- en voorsorgfondse.

Vyf jaar gelede, oor die 12 maande tot einde September 2006, het tussengangers 40,5% van verkope opgelewer, terwyl regstreekse beleggings net 16,1% van verkope uitgemaak het. Die bedryf het 26,6% van verkope van Lisps ontvang, en 16,7% van institusionele beleggers.

Buitelandse fokus

Plaaslik geregistreerde buitelandse fondse het teen einde September vanjaar R124,1 miljard se bates onder bestuur gehad, effens meer as die R122,6 miljard aan die einde van Junie.

Effektetrustfondse in buitelandse geld is in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen gedenomineer en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye aangebied. Hierdie fondse kan aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word slegs as hulle by die Raad op Finansiële Dienste geregistreer is. Plaaslike beleggers wat in hierdie fondse wil belê, moet aan die Reserwebank se regulasies voldoen en sal hulle toegelate buitelandse kapitaal moet gebruik.

Fondse wat in buitelandse geld gedenomineer is, het in die derde kwartaal van die jaar 'n netto uitvloei van R1,4 miljard beleef.

Daar is tans 346 fondse wat in buitelandse geld gedenomineer is wat in Suid-Afrika gekoop kan word.
Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant

082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:
Leon Campher
Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingsbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).